

## Inleiding

Die huidige Suid-Afrikaanse samelewing word gekenmerk deur reëls, wette en regulasies wat fisiese vermenging tussen blankes aan die een kant en swartmense of mense van gekleurde of gemengde afkoms aan die ander kant, ten strengste belet. Hiermee bevind Suid-Afrika hom dan in die unieke situasie dat hy die enigste land ter wêreld is wat **de jure** rassediskriminasie beoefen.

Die ontstaan van 'n sterk rassevooroordeel by die blankes asook die etnies geskeide samelewing in Suid-Afrika gedurende die negentiende en twintigste eeue, is nie toevallig nie. Gedurende die tydperk waarin Europeërs hulle gesag oor die Amerikas, Afrika en die Ooste dramaties uitgebrei het, was daar in al hierdie gebiede diskriminasie teen die nie-Europeërs of persone van half-Europese afkoms teenwoordig. C.R. Boxer, skrywer van **The Dutch Seaborne Empire 1600 — 1800** en **The Portuguese Seaborne Empire 1415 — 1825**, toon dan ook dat die Portugese, tradisioneel voorgelou as 'n volk wat die ideale rasseverhoudings met doelbewuste integrasie en assimilasie gehandhaaf het, ook teenoor nie-Europeërs diskriminerend opgetree het.<sup>1</sup>

Weens die isolasie waarin die Kaapse inwoners hul gedurende die 17de en 18de eeue bevind het, die fisiese gesteldheid van die land en die onbelangrikheid van die binneland vir ekonomiese eksploitasie, het hier nie 'n gesofistikeerde Europese samelewing met skole en nywerhede ontstaan soos dit die geval in die Noorde van Noord-Amerika was nie. Hier het ook nie uitgebreide plantasie-ekonomieë soos in tropiese gebiede ontstaan nie. In die Amerikas het rykdom blanke elite gemeenskappe tot gevolg gehad wat voortdurend bande met Europa en Brittanje kon handhaaf — in skrilte kontras met die eenvoudige lewe van die blanke veeboer-trekboerpioniers van Suid-Afrika.

Die geskiedbeeld wat in Suid-Afrika oor die laaste eeue ontstaan het, was grootliks in ooreenstemming met dit wat in ander kolonies tot stand gekom het. Die Europese koloniste en pioniers was die hoofspelers in die drama wat op verskillende plekke en tye in die Nuwe en Derde Wêreld opgevoer is. In die Nuwe Wêreld was die taal van die hoofspelers hoofsaaklik Engels en Spaans; in Afrika en Asië was dit veral Portugees, Nederlands, Frans en Engels. Die ondergeskikte rolle is gespeel deur die inwoners van die gebied waar die drama afgespeel het — hulle kon Rooihuide, Negers, Indiërs of Polinesiers wees. 'n Belangrike groep wat by hierdie drama betrokke geraak het, was die slawe. In al hierdie teaters het hulle die arbeid agter die skerms verrig. Tot vroeg in die negentiende eeu het hulle 'n ondankbare maar onmisbare rol in die koloniale spel vertolk.

Die rol van die Europeërs (blankes) as die **dramatis personae** in die Derde Wêreld is na afloop van die Tweede Wêreldoorlog drasties verander toe die inheemse inwoners van Afrika en Asië die nuwe hoofspelers geword het. Dit was veral in Afrika waar daar ná 1960 'n dramatiese ommekeer van rolle plaasgevind het. Waar Europese minderhede in hierdie gebiede vroeër die septer geswaai het, moes hulle abdikeer met die onafhanklikheidswording van die talle Franse en Britse kolonies wat in die sestigerjare hulle vryheid verkry het. Hiermee het daar ook 'n einde gekom aan amptelike diskriminasie wat op grond van ras of afkoms van die koloniale regerings oorgeërf is.

Teenoor die wêreldneiging om weg te beweeg van rassisme, het daar in Suid-Afrika juis sedert 1948 'n samelewing ontstaan waar ras, kultuur en afkoms benadruk is en waarin die blanke bevolking in 'n politieke-bevoordeelde posisie geplaas is. Om te verhinder dat daar onduidelikheid kon ontstaan oor wie blank en wie nie-blank is, is wette aangeneem wat fisiese vermenging tussen blankes en ander groepe belet het.

In die opstel van hierdie diskriminerende wette is daar swaar gesteun op sosiologiese, kerklike en politieke standpunte wat van die geskiedenis gebruik gemaak het om die stelsel van gedwonge segregasie en rasseskeiding te regverdig. Dit sou die logiese voortsetting wees van 'n lewenswyse en ideologie wat sedert 1652 met die stigting van 'n Europese nedersetting aan die Kaap sou ontstaan het. Volgens die apologete vir hierdie ideologie sou daar slegs minimale fisiese vermenging tussen die Europeërs (blankes) en inboorlinge en slawe gewees het en sou die blankes hulle fisiese en kulturele identiteit ongeskonde behou het. Een van die vroeëste voorstanders vir 'n beleid van gedwonge skeiding was die sosioloog G. Cronje. In sy boeke **'n Tuiste vir die nageslag** en **Regverdigde rasse-apartheid** wat onderskeidelik in 1945 en 1947 verskyn het, het Cronje aangevoer dat vermenging van rasse hoogs onwenslik was omdat dit biologies 'n minderwaardige groep mense tot gevolg sou hê. Volgens bronne wat hy aangehaal het, sou daar by so 'n groep mense 'n aangebore swakheid wees tot onder andere alkoholisme.<sup>2</sup> Dit sou dus moreel geregtig wees om wetgewing in te stel om vermenging tussen rasse en groepe te verhinder.

Cronje het in sy werke toegegee dat daar in die verlede wel vermenging tussen die verskillende rasse plaasgevind het en dat dit onder andere tot die ontstaan van die huidige Kleurlingbevolking gelei het. Hy het egter nie finale uitsprake oor die verloop van hierdie historiese prosesse gelewer nie. Die historikus J.S.

1. C.R. Boxer: **The Portuguese Seaborne Empire 1415-1825**, pp. 250, 252, 258, 262-263, 266; sien ook sy werk **The Dutch Seaborne Empire 1600-1800**, pp. 217, 226, 229, 233.

2. G. Cronje: **Regverdigde Rasse-Apartheid**, pp. 86-87.

Marais het in sy werk **The Cape Coloured People** ook 'n vaagheid oor die vroeë oorsprong van mense van gemengde afkoms openbaar — net soos sy mede historikus oor hierdie onderwerp W.M. Macmillan in **The Cape Colour Question**.<sup>3</sup>

— Dit is egter die uitspraak van 'n teoloog cum politikus wat 'n besliste uitspraak oor die historiese proses van rasvermenging in Suid-Afrika maak. In sy werk **Credo van 'n Afrikaner** beweer A.P. Treurnicht dat "Nooit sedert die volksplanting in 1652 is die gekleurde volksgroepe tot die volksgeleeders van die Afrikaner of as deel van die blanke gemeenskap aanvaar nie."<sup>4</sup>

Met hierdie bewering het Treurnicht nie ontken dat daar vermenging tussen rasse plaasgevind het nie, maar dat die persone van gemengde afkoms nie toegelaat was tot die blanke geleeders nie. Hierdie uitspraak maak hy op grond van die aanbevelings wat kommissaris Van Rheede in 1685 gemaak het om buite-egtelike verkeer tussen blankes en slavinne te bekamp en waarvolgens huwelike tussen blankes en slavinne van volle kleur verbied moes wees.<sup>5</sup>

Die uitspraak van Treurnicht, wat sou dui op rassuiwerheid by die huidige Afrikanerbevolking, staan in kontras met die bevindinge van navorsers wat die graad en omvang van vermenging in Suid-Afrika probeer bepaal het.

Die aandeel wat slawe en ander gekleurdies in die vorming van die latere blanke (Afrikaner) samelewing sou hê, is reeds aan die begin van hierdie eeu ondersoek. Die Nederlandse geleerde dr. H.T. Colenbrander, was gemoeid met die redigering van C.C. de Villiers se **Geslacht-Register der Oude Kaapse Familiën**. Hy het toe 'n belangstelling in die herkoms van die Afrikaner ontwikkel — 'n volk wat met die publikasie van sy werk **De Afkomst der Boeren** in 1902 na die afloop van die Anglo-Boere-oorlog ernstig ontwortel was.

In die lig van die heldeverering wat daar destyds in Europa vir die Boere bestaan het, het Colenbrander hom ten doel gestel om veral die Nederlandse, Duitse en Franse aandeel in die samestelling van die Afrikanervolk vas te stel. Volgens sy berekening was die slawe- of gekleurde komponent minder as 1%. Die berekening van laasgenoemde komponent het hy nodig geag omdat daar volgens hom van Engelse kant af beweer is "dat de Boeren eigenlijk bastaards zijn, afkomelingen van slaven-moeders en Hottentotsche vrouwen".<sup>6</sup>

Colenbrander het sy navorsing op 'n indrukwekkende lys van huwelike gebaseer wat in sy boek opgeneem is en sowat tagtig bladsye beslaan. In hierdie lys het hy die name van immigrante en hulle vrouens verskaf, hulle geboorteplekke, huweliksdatums waar beskikbaar en die aantal kinders uit die betrokke huwelike of verbintnisse. Deur wiskundige berekenings waarin die jaar van aankoms en die vrugbaarheid van die familie in aanmerking geneem is, het hy bereken dat die slawe of gekleurde komponent "nauwelijks op 1%" te staan kom.<sup>7</sup> Hierdie bevinding van Colenbrander sou mettertyd in die kraam pas van diegene wat die Afrikaner as van suiwer of feitlik suiwer Europese of Ariese afkoms wou sien.

Hoewel verskeie navorsers sedertdien Colenbrander se uitsprake in verband met die etniese herkoms bevraagteken het, was dit hoofsaaklik op die Europese groepe gemik en is min aandag aan die gekleurde komponent as sodanig geskenk. Eers in 1938 het dr. J. Hoge aan laasgenoemde aspek aandag gegee. In 'n Duitse vaktydskrif vir Antropologie behandel hy die vermenging tussen Europeërs en ander etniese groepe aan die Kaap.<sup>8</sup> En in 1946 verskyn sy "Personalialia of the Germans at the Cape, 1652 — 1806" in die **Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis** waarin hy sonder omhaal van woorde die hoë voorkoms van rasgemengde huwelike en ander buite-egtelike verbintnisse by die Duitse immigrante aantoon. Hy het egter nie soos Colenbrander die nie-blanke aandeel persentasiegewys probeer aantoon nie.

Die deeglike navorsing van Hoge is opgevolg deur die werk van nog 'n taalkundige. J.L.M. Franken se **Taalhistoriese Bydraes** het in 1953 verskyn en heelwat meer lig gewerp op die omvang van vermenging en die kulturele wisselwerking wat daar tussen verskillende status- en kleurgroepe aan die Kaap bestaan het.

Die eerste navorser wat die tradisionele "ariëse" beeld van die blanke Suid-Afrikaner 'n knou gegee het, was mej. M.K. Jeffreys, 'n argivaris met 'n belangstelling in genealogie. Sy het in 1959 in 'n aantal artikels in die Swart tydskrif **DRUM** klem gelê op die wye omvang van ras- en kleurvermenging wat daar sedert die ontstaan van die blanke volksplanting bestaan het. Die feit dat haar artikels nie in 'n wetenskaplike publikasie verskyn het nie, maar in 'n populêre (Swart) tydskrif wat die regering van die dag vyandiggesind was, het die indruk geskep dat sy politieke munt hieruit wou slaan. Vandaar dan ook die hewige reaksie uit konserwatiewe blanke geleeders op haar reeks artikels.

Die volgende persoon wat hom op die terrein van vermenging begeef het, was die genealoog dr. J.A. Heese. Sy werk was 'n hersiening van die reeds gemelde dr. H.T. Colenbrander se **De Afkomst der Boeren**. **Die Herkoms van die Afrikaner, 1657 — 1867** van Heese is in 1971 gepubliseer en het groter erkenning

3. J.S. Marais: **The Cape Coloured People**, pp. 9-19; W.M. Macmillan: **The Cape Colour Question**, p. 27.

4. A.P. Treurnicht: **Credo van 'n Afrikaner**, p. 18.

5. A.J. Böeseke (red.): **Memoriën en Instruktiën, 1657-1699**; Belangrike Kaapse Dokumente, I, p. 217.

6. H.T. Colenbrander: **De Afkomst der Boeren**, p. 10.

7. H.T. Colenbrander: **Afkomst**, p. 121.

8. **Zeitschrift für Rassenkunde**, v. 8 (2), 1938. (J. Hoge: "Rassenmischung in Südafrika") pp. 139-151.

geniet as Jeffreys vanweë sy wetenskaplike benadering t.o.v. die kwessie van kleurvermenging by die Afrikaner. Nogtans is hy deur groepe daarvan beskuldig dat ook hy met hierdie publikasie politieke bymotiewe gehad het en dat hy die stelsel van apartheid wou ondermyn. Hierdie kritiek het hy ontvang vanweë sy bevinding dat gemiddeld 7% van alle Afrikaners se stamouers van gekleurde afkoms sou wees. Heese se **Herkoms van die Afrikaner** is as bron deur verskeie buitelandse historici gebruik by name R. Elphick, R. Ross, J.C. Armstrong en G.M. Frederickson wat hulle navorsing grootliks op gegewens uit hierdie werk baseer het.<sup>9</sup>

Met die totstandkoming van die Instituut vir Historiese Navorsing aan die Universiteit van Wes-Kaapland in 1976, is die geleentheid geskep om onder andere doelgerigte navorsing te doen oor die historiese bydrae van die gekleurde bevolkingsgroep(e) in Suid-Afrika. Noodwendig is die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse Kleurlingbevolkingsgroep dan ook 'n studie van ras-, kultuur- en sosiale vermenging met sy wortels in beide slawerny, die inheemse groepe en blanke immigrasie. Verskeie publikasies wat oor hierdie onderwerp handel is reeds deur die personeel van die Instituut gelewer. Ten spyte van hierdie publikasies is daar nog steeds by die breë Suid-Afrikaanse publiek 'n groot mate van onkunde oor die omvang van vermenging tussen blank en gekleur. Hierdie toestand kan daaraan toegeskryf word dat betreklik min mense historiese vaktyskrifte of wetenskaplike werke lees. Die breë publiek se verledebeeld is grootliks gegrond op beskrywings in (verouderde) skoolhandboeke.

Waar daar tot in resente tye hoofsaaklik klem gelê is op die geskiedenis van die blankes in Suid-Afrika ontstaan die vraag of die gekleurde groepe of individue dan geen prominente rol gespeel het in die Kaap se vroeë geskiedenis nie. Dit blyk egter dat die groep wat die ekonomie en later ook die politieke kragte in Suid-Afrika beheer het, oënskynlik van Europese of blanke afkoms was. Maar aangesien daar reeds konkrete bewyse is dat vermenging tussen blankes en ander groepe op 'n betreklik groot skaal plaasgevind het, en sommige kinders uit sulke verbintenisse in die blanke samelewing aanvaar is, duik die volgende vrae op: Hoeveel persone van gemengde afkoms is in die blanke samelewing aanvaar? Hoekom is sommige nie aanvaar nie? Op watter gronde is mense aanvaar? Wat was die status van diegene wat nie in die blanke groep aanvaar is nie? By watter groep het die persone wat nie aanvaar is nie ingeskel of was hulle 'n aantal enkelinge sonder enige groepsverband? Is hulle in die kerklike en kulturele lewe van die blanke aanvaar of het hulle 'n eie kultuur geskep? Het hulle hul eerder tot Islam as tot die Christendom gewend?

Bogenoemde vrae vorm die basis van hierdie ondersoek wat 'n poging is om meer lig te werp op die ontstaansgeskiedenis van beide die latere Afrikaners asook die groepe wat as Kaapse Kleurling en Maleiers bekend sou word. In die navorsing is klem gelê op ekonomiese, sosiale en godsdienstige aspekte — asook faktore soos ras, kultuur en plek van herkoms wat almal gehelp het om vorm aan die vroeë gemengde Kaapse samelewing te gee.

Die persone wat in hierdie studie as van gemengde afkoms beskou word, het nie net betrekking op groepe wat sekere genetiese eienskappe deur fisiese vermenging oorgeërf het nie. Dit het ook betrekking op sosiale groepe. Van hierdie groepe was die slawe die heel laagste op die sosiale leer — mense wat geen kontrakke kon aangaan nie en dus ook geen wettige huwelike kon sluit nie. Hoër in rangorde was die vryswartes — 'n groep persone wat almal op een of ander stadium van hul lewe in 'n staat van slawerny verkeer het, maar deur manumissie hulle vryheid verkry het.<sup>10</sup> Die nageslag van vryswartes (wat gebore is nadat hulle ouers hul vryheid verkry het) het as vrygeborenes bekend gestaan. Dit was juis die kinders van die vrygeborenes wat hulle in 'n vaagomlynde sosiale groep bevind het, gewoonlik van gemengde afkoms was en dus 'n belangrike plek inneem in hierdie ondersoek.

Die gebruik van die terme "swart" en "wit" om persone se fisiese voorkoms of kulturele identifikasie (etnisiteit) aan te dui, skep ernstige verwarring. Streng gesproke kan slegs Europese immigrante as "wit" beskou word vanweë die hoë voorkoms van rasvermenging aan die Kaap. Maar rasvermenging het nie noodwendig kultuurvermenging tot gevolg gehad nie en gevolglik was die (selfs gekleurde) nageslag van Europese immigrante steeds kultureel "Europees" of "wit". In teenstelling hiermee het die Negerlawe (en hul nageslag) aan die Kaap geen bande met 'n "swart" kultuur gehandhaaf nie en het hulle die Europese lewenswyse aanvaar. Sover bekend het geen Negerlawe na verkryging van sy vryheid 'n poging aangewend om terug te keer na sy land van herkoms nie.

9. Die volgende werke het na die verskyning van **Die herkoms van die Afrikaner** verskyn: R. Elphick en H. Giliomee: **The Shaping of South African Society** — waarin 'n hoofstuk oor slawe aan die hand van J.C. Armstrong verskyn het en G.M. Frederickson se **White Supremacy — A Comparative Study in American and South African History**.

10. Daar heers verwarring oor die term vryswart. Böeseken en De Wet verstaan onder hierdie term slawe wat hulle vryheid verkry het. Böeseken (S.A. **Historiese Jaarboek** nr. 2, 1970, p. 15) beskou vryswartes as sosiaal en wetlik gelyk aan vryburgers; De Wet daarenteen beweer dat daar nie na hulle as vryburgers verwys is nie. (**Die Vrylike en Vryswartes in die Kaapse Nedersetting**, p. 2). In teenstelling met b.g. siening, beskou Elphick en Giliomee (**The Shaping of South African Society**, p. 116) vryswartes as "al die vry persone wat geheel en al of gedeeltelik uit Afrika afkomstig was (buiten die Khoikhoi) of wat van Asiatische afkoms was". Hiervolgens sou hulle ook Chinese (oud-bannelinge) as vryswartes beskou. Chinese word egter in alle opgaaf- (belasting-) rolle as Chinese en nie as vryswartes beskryf nie; dieselfde geld vir die hofrekords van die V.O.C. Elphick en Giliomee maak ook geen onderskeid tussen vrygeborenes en vryswartes nie terwyl daar voortdurend in doop- en troueregisters hierdie onderskeid getref is. Ander benamings vir vryswartes kan dus wees: vrygestelde slawe, oud-slawe of gewese lyfienes (wat nie met die Europese lyfienes verwar moet word nie). Waar daar na 'n huwelik met 'n slavin verwys word, word daar eintlik bedoel **gewese slaaf/slavin** omdat hulle eers hulle vryheid moes verkry voordat hulle wetlike huwelike kon sluit.

Die slawe uit Indië en Indonesië het niks gemeenskapliks met die (swart) Negerlawe uit Afrika en Madagaskar besit nie behalwe dat hulle almal in 'n staat van slawerny verkeer het. Dit was egter juis die geneties nie-swart Oosterlinge wat hulle vryheid verkry het en daarna as "vryswartes" bekend sou staan — 'n term wat gebruik is vir alle slawe wat hulle vryheid verkry het. Ter wille van groter duidelikheid word die versamelnaam "swart" slegs vir persone wat van Afrika (en Madagaskar) afkomstig is gebruik — in teenstelling met die huidige gebruik om ook Oosterlinge (en soms ook Khoikhoi) as "swart" te beskou.<sup>11</sup> Die Oosterlinge het immers 'n kulturele band met hulle gebiede van herkoms gehandhaaf deur hul godsdienstige identifikasie met Islam. Boonop het vryswartes dikwels gepoog om hulle weer in die Ooste te vestig nadat hulle hul vryheid verkry het.

Om die omvang van die studie binne perke te hou, is die navorsingsveld beperk tot die geografiese area wat rofweg as die "Caabsche district" bekend gestaan het. Die noordelike grens van hierdie gebied was die Bergrivier en ten ooste is dit begrens deur die distrik van Stellenbosch-Drakenstein. Deur hierdie afbakening te volg, is die inheemse Khoikhoi en San grootliks uitgesluit — eerstens omdat hulle na 1700 slegs in klein getalle in hierdie gebied woonagtig was, en tweedens omdat daar veel minder vermenging tussen hierdie twee groepe en die blankes plaasgevind het as tussen blankes en slawe.

Die bronne wat inligting oor gevalle van vermenging bevat, is ongelukkig beperk en het belangrike tekortkominge. Die belangrikste bron is die huweliksregisters van die Kaapse Kerk. Ongelukkig het die registers net betrekking op die vrye bevolking aangesien slawe in die V.O.C.-periode nie kerklike huwelike kon sluit nie.

'n Tweede en belangrike bron is die afsonderlike doopregisters vir slawekinders en "Christen"-kinders omdat die name van die ouers daarin verstrek word. Ongelukkig is die vader se naam nie verskaf waar Kompanjieslavinne hulle kinders laat doop het nie. Vanaf 1675 tot 1748 is daar egter in die doopregisters van kompanjieslawe wel aangeteken of die kind 'n "halvslag" of "heelslag" was, met ander woorde die kind van 'n blanke vader of 'n slaaf.

Die tekortkoming van hierdie twee bronne wat in die N.G. Kerkargief in Kaapstad bewaar word, sowel as die kerk se lidmaatregister, is die feit dat slegs die name en gegewens van Christene hierin opgeneem is. Die Moslemsamelewing — slawe sowel as vryswartes en vrygeborenes — word nie in die kerkdokumente vermeld nie, behalwe as hulle Christene geword het.

Adisionele primêre bronne waaruit inligting verkry kan word, is die jaarlikse opgaafrolle, militêre rolle, monsterrolle, testamente, hofstukke en ander wetsdokumente uit die Kompanjiesperiode. Dit is veral die opgaafrolle (belastingrolle) wat 'n duidelike beeld gee van die ekonomiese lewe van die vrye bevolking — blank sowel as gekleur, Christen sowel as Moslem.

Ter wille van genealoë en navorsers uit ander dissiplines word lyste van gevalle waar daar vermenging tussen rasse of groepe was, by hierdie werk as bylaes ingesluit. By die opstel van hierdie lyste is gebruik gemaak van gegewens verkry uit J. Hoge se *Personalialia of the Germans at the Cape* en J.A. Heese se **Herkoms van die Afrikaner**. Anders as in die geval van H.T. Colenbrander se *De Afkomst der Boeren* en Heese se **Herkoms van die Afrikaner** is verbintenisse wat nie noodwendig tot die blanke Afrikaner se genetiese samestelling bygedra het nie, by die bylaes ingesluit. Ook is gevalle vermeld wat nie noodwendig 'n nageslag tot gevolg gehad het nie. Gevolglik bevat die bylaes in sommige opsigte meer genealogiese gegewens as die werke van Colenbrander en Heese.

Aangesien die meerderheid slawe wat deur individue besit is, nie gedoop is nie, bestaan daar min dokumente wat aandui in hoe 'n mate hierdie groep slawe onderling asook met blankes en Khoikhoi vermeng het. Daar bestaan dus ongelukkig grys gebiede waar daar weinig en soms geen inligting verkrygbaar is oor 'n groot groep inwoners van die Kaap nie.

Ten spyte van die gebrek aan dokumente oor die sosiaal-mindere groepe aan die Kaap word daar vertrou dat hierdie navorsing mag bydra tot 'n beter begrip van die wordingsgeskiedenis van die Suid-Afrikaanse samelewing.

11. R. Elphick en H. Giliomee: *Shaping*, p. 362.